2014 IEB VAKASSESSERINGSRIGLYNE (Opdateer April 2015)

HIERDIE VAKASSESSERINGSRIGLYNE IS GESKEP BINNE DIE RAAMWERK van die KABV-DOKUMENT VIR DRAMATIESE KUNSTE EN MOET IN SAMEHANG MET DIE KABV-DOKUMENT VIR DRAMATIESE KUNSTE GELEES WORD

DRAMATIESE KUNSTE

A. METODES VAN ASSESSERING

1. Skoolgebaseerde-assesseringstake **[120 VERWERK TOT 100]**

   - Geïntegreerde Praktiese Take (75)
   - Teoretiese Interne Assessering (45)

2. Eksterne Assesseringstake **[300]**

   - Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak (150 verwerk tot 60)
   - Praktiese Eksamen (120)
   - Skriftelike Eksamen (150 verwerk tot 120)

400 punte

SKOOLGEBASEERDE-ASSESSERINGSTAKE	EKSTERNE ASSESSERINGSTAKE
25%	**75%**
120 punte verwerk tot 100 punte	**300 punte**
Geïntegreerde Praktiese Take: • 3 Geïntegreerde Praktiese Take (3 × 25 punte)	Ekstern-opgestelde Geïntegreerde taak – Op een van die voorgeskrewe tekste (60 punte)
Teoretiese Interne Assessering: • 3 toetse (3 × 10 punte) • Voorbereidende/Rekordeksamen (15 punte)	Einde van jaar Praktiese Vertoningeksamen (120 punte)
	Finale Teoretiese Eksamen (120 punte)

B. VEREISTES

1. SKOOLGEBASEERDE-ASSESSERINGSTAKE: SGA-LÊER [(120 × 5) ÷ 6 = 100]

Bewyse van deurlopende assessering moet versamel word die leerder se SGA-lêer en die leerder se ontwikkeling gedurende sy/haar Graad 12-jaar toon. Die SGA-lêer is 'n versameling van die jaar se werk. Dit verskaf bewys dat al die relevante aspekte van die Graad 12-kurrikulum uitgevoer is. Dit sal veelvuldige maniere waarop leerders blootgestel word aan leergeleenthede vertoon. Die leerder word in 'n realistiese situasie geassesseer wat inherent deel vorm van die leerproses.

Deurlopende assessering vir Dramatiese Kunste bestaan uit sewe take – drie geïntegreerde praktiese take en vier teoretiese take.

IEB COPYRIGHT

1.1 GEÏNTEGREERDE PRAKTIESE TAAK [3 × 25 = 75]

Die punt vir praktiese jaarwerk word saamgestel uit 'n versameling van opgetekende geassesseerde praktiese take waarvan elke taak ondersteun word deur 'n geïntegreerde skriftelike komponent. Hierdie komponent van die SGA bestaan uit **drie** aparte praktiese take uit verskillende tye van die jaar waar beide proses en produk geassesseer word. Die proses omvat navorsing, beplanning, analise, joernaal- of enige rekordhouding wat nodig is om voor te berei vir hierdie praktiese take, maar kan ook 'n post-uitvoering-evaluering insluit. 'n Verskeidenheid van assesseringsmetodes moet gebruik word by die assessering van praktiese take (bv. self-, groep-, onderwyser- of eksterne beoordelaar-assessering). Dit is egter slegs die punte wat deur die onderwyser of eksterne assessor toegeken is wat gebruik word by die samestelling van die finale SGA-punt.

Die versameling werkstukke in hierdie afdeling moet drie verskillende praktiese vaardighede vanuit drie verskillende tye van die jaar toon.

Die 25 punte vir elke geïntegreerde praktiese taak moet soos volg saamgestel word:

- Praktiese komponent – 20 punte (80% gewig)
- Geïntegreerde geskrewe komponent – 5 punte (20% gewig)

1.2 TEORETIESE INTERNE ASSESSERING [45]

Die punt vir die teoretiese jaarwerk bestaan uit drie summatiewe toetse (3 × 10 punte) en die Voorbereidende/Rekordeksamen (Teorie) (15 punte).

Die toetse in Dramaties Kunste moet effektief wees in terme van tyd en punte. Hulle moet akademies nougeset wees en ooreenkom met die uitdagings van die eindvraestel en al die relevante Breë Onderwerpe dek. Elke toets moet uit 'n **minimum van veertig punte tel** en **moet onder streng eksamenomstandighede afgeneem word**. Dit sal dan omgesit word in 'n punt uit tien vir die SGA-lêer. [Voorbeeldformule: 40/4 = 'n punt uit 10.] **Bereken asseblief tot SLEGS een desimale plek.**

Die Voorbereidende/Rekordeksamen moet die presiese formaat en uitdagende aard van die eindvraestel van die jaar weerspieël en al die nodige Breë Onderwerpe dek. Die punt uit 150 sal verwerk word tot 'n punt uit vyftien vir die SGA-lêer. [Formule: 150/10 = 'n punt uit 15]. **Bereken asseblief tot slegs EEN desimale plek.**

IEB COPYRIGHT

RIGLYNE VIR DIE SKOOLGEBASEERDE-ASSESSERINGSTAKE (SGA) – DRAMATIESE KUNSTE

1. Die SGA-lêer voorsien bewyse dat alle aspekte van die Graad 12-kurrikulum behandel is.

2. Die SGA-lêer is 'n versameling van verskeie geassesseerde dramatiese vaardighede en weerspieël die leerder se deurlopende ontwikkeling in sy/haar Graad 12-jaar. Die SGA is 'n versameling van die jaar se werk. **Dit beteken dat al die assesserings vir die SGA-lêer slegs vanuit die Graad 12-jaar mag kom en ook vanuit verskillende tydperke van die Graad 12-jaar.**

3. Die onderwyser se lêer moet saam met die leerderlêers van die sentrum ingestuur word.

4. Elke leerderlêer moet van 'n voorblad (dekblad) en 'n inhoudblad (indeks) voorsien word. (Die voorblad en die indeks in Addendums 1 en 2 moet gebruik word.)

5. 'n Leerder kan die SGA aanbied in 'n lêer of netjies saamgebind as 'n versameling, soos deur die skool besluit.

6. Die volgorde van die werkstukke in die SGA-lêer moet ooreenstem met die volgorde op die inhoudblad.

7. Werkstukke in elk van die vereiste kategorieë moet saam geliasseer word met verdelers tussen elk van die afdelings.

8. Die finale afdeling moet 'n akkurate weerspieëling wees van die leerder se algehele bevoegdheid en vermoë m.b.t. al die areas van Dramatiese Kunste.

9. Elke werkstuk moet 'n duidelike opskrif en datum hê. In die geval van Geïntegreerde Praktiese Take moet elke werkstuk die tyd wat toegestaan is om die taak voor te berei en te voltooi, toon.

10. Afskryf vanuit studiegidse of plagiaat **sal nie** geduld word nie en 'n nulpunt sal vir die taak toegeken word. Onderwysers word ernstig versoek om gereeld noukeurige plagiaatkontroles uit te voer.

11. Die ingeslote werkstukke se gewigwaardes moet ooreenstem met die inhoudblad.

12. Daar moet duidelike bewys wees van deeglike nasien/assessering op elke werkstuk wat aangebied word.

13. Die SGA-lêer moet toon dat leerders op veelvoudige maniere blootgestel is aan leergeleenthede.

14. Die SGA moet deurlopende terugvoering, soos opmerkings of notas bevat. Hierdie terugvoering moet opbouende kommunikasie met die leerders oor hulle vordering, ontwikkeling en prestasies m.b.t. die verwagte uitkomste toon.

15. **Let asseblief daarop dat geen krediet gegee sal word vir versierde lêers of werk nie. Logiese en sistematiese organisasie binne die lêers word egter wel vereis.**

IEB COPYRIGHT

16. Skoolgebaseerde-assessering vir Dramatiese Kunste bestaan uit sewe take – drie geïntegreerde praktiese take en vier teoretiese take.

17. Elke leerder moet slegs een SGA-lêer met die voorgeskrewe sewe take inhandig. **Geen addisionele take mag ingesluit word nie**; die onderwyser se lêer sal bewyse bevat van die jaar se skoolgebaseerde-assesseringsopsies.

18. Die praktiese komponent van die SGA bestaan uit:
    - 3 Geïntegreerde praktiese take, wat elk uit 25 punte tel. Hierdie take moet die leerder se ontwikkeling deurlopend in sy Graad 12-jaar weerspieël en moet dus vanuit 3 verskillende tye van die jaar geneem word.
    - Die geïntegreerde praktiese take sal op 'n praktiese produk fokus, maar sal ook 'n geïntegreerde geskrewe komponent bevat.
    - Die Geïntegreerde Uitvoerings-/Vertoningstake bestaan uit twee komponente: geskrewe besinning en/of evaluering en 'n praktiese produk.
    - Die geskrewe besinning en/of evaluering kan bestaan uit navorsing, beplanning en enige ander soort rekordhouding wat benodig word vir die voorbereiding en aanbieding van 'n praktiese produk in Dramatiese Kunste.
    - Punte moet toegeken word vir die voorbereiding en die produk asook vir die geskrewe komponent, volgens die volgende verhouding: **20 prakties [80%]; 5 geskrewe [20%]**.
    - Rubrieke op sigself is nie voldoende om die betroubaarheid van die praktiese take te bewys nie. Streng bewyse moet verskaf word, bv. opbouende geskrewe terugvoering.
    - As die praktiese produk 'n uitvoering is, moet die uitvoeringstuk voorgelê word met duidelike bewyse van die proses (teks, redigering, gebruik van stem, blokkering en opvoering, karakterisering, navorsing, ens.).
    - As 'n alternatiewe praktiese produk gedoen word, (regissering, ontwerp, beligting, choreografie, stelontwerp, kostumering, radiodrama, grimering, ensovoorts) moet duidelike bewys van die proses en produk verskaf word in die vorm van foto's, opnames, kommentaar, besinning/evaluering, werkkaarte en rekordhouding in 'n joernaal.
    - Alle assesseringstaakopdragte moet die instruksies vir die taak, die tyd wat toegestaan word, die assesseringskriteria, rubrieke en hoe die finale punt bereken gaan word, bevat.

19. Die teoretiese komponent van die SGA sal die voorgeskrewe inhoud en Breë Onderwerpe dek, en die punt bestaan uit drie summatiewe toetse, elk 10 punte werd, en die Voorbereidende/Rekordeksamen wat tot 'n punt uit 15 verwerk word.

20. Neem asseblief kennis dat die toetse vanuit verskillende tye van die jaar moet kom en **dit moet bewys van moderering toon**.

21. Die summatiewe toetse wat in die SGA ingesluit word, moet akademies uitdagend wees, uit 'n minimum van 40 punte tel en verskillende afdelings van die eindvraestel weerspieël.

22. **Elke toets moet 'n meegaande ontledingsmatriks bevat wat die kognitiewe vlakke waarby die vrae gestel word, weerspieël.**

23. **Die Voorbereidende/Rekordeksamen moet ook 'n meegaande ontledingsmatriks bevat wat die kognitiewe vlakke waarby die vrae gestel word, weerspieël. Die eksamen moet ook duidelike bewys toon van pre- en postmoderering.**

IEB COPYRIGHT

24. **Onderwysers word gewaarsku dat die gebruik van vrae uit vorige IEB-vraestelle nie toegelaat word nie, aangesien hulle in die openbare domein bestaan en dus die integriteit van die assessering in gevaar stel.**

25. ALLE ONDERWYSERSLÊERS SAL OP STREEKSVLAK GEMODEREER WORD DEUR 'N STREEKSMODERATOR. SOMMIGE SKOLE SAL VERSOEK WORD OM LEERDERLÊERS AAN DIE STREEKSMODERATOR VOOR TE LÊ TESAME MET DIE ONDERWYSERSLÊER. SGA-LÊERS SAL OP NASIONALE VLAK GEMODEREER WORD DEUR DIE IEB, INDIEN DIE STREEKSMODERATOR BEVIND HET DAT DIT NIE AAN DIE VEREISTES VOLDOEN NIE. VERDER KAN DIE IEB OOK ANDER SGA-LÊERS LUKRAAK OPROEP VIR MODERERING OM UMALUSI-VEREISTES NA TE KOM.

26. **ONTHOU OM BEIDE DELE VAN DIE EKSTERNE GEÏNTEGREERDE TAAK SOWEL AS BEWYS VAN DEEL A EN BEWYS VAN MODERERING VIR BEIDE DEEL A EN DEEL B IN DIE ONDERWYSERLÊER IN TE SLUIT. NEEM EGTER ASB. KENNIS DAT DIE RESULTATE VAN DIE EKSTERNE TAAK NIE INGESLUIT WORD BY DIE SGA SE BEREKENINGE NIE.**

27. Onderwysers moet asseblief die Streeksmodereringsvorm gebruik (Addendum 3) om te verseker dat alle SGA-vereistes nagekom is.

PUNTETOEKENNING

SKOOLGEBASEERDE-ASSESSERING	**PUNTE**
GEïNTEGREERDE PRAKTIESE TAAK 1	25
GEïNTEGREERDE PRAKTIESE TAAK 2	25
GEïNTEGREERDE PRAKTIESE TAAK 3	25
SUBTOTAAL A [tot 1 desimale punt]	**75**
TOETS 1	10
TOETS 2	10
TOETS 3	10
VOORBEREIDENDE/REKORDEKSAMEN	15
SUBTOTAAL B [tot 1 desimale punt]	**45**
TOTAAL [(A + B) tot 1 desimale punt]	**120**
FINALE TOTAAL [(Totaal × 5) ÷ [6 afgerond tot naaste desimale punt]	**100**

*** Let wel: *rond af tot 1 desimale plek alleenlik**

IEB COPYRIGHT

2. EKSTERNE ASSESSERINGSTAKE [300]

2.1 EKSTERN-OPGESTELDE GEÏNTEGREERDE TAAK [(150 × 2) ÷ 5 = 60]

Die Geïntegreerde Taak sal oor een van die drie voorgeskrewe dramas handel. Hierdie taak sal ekstern opgestel word deur die IEB-eksaminator, maar intern nagesien en deur die vakgroep(cluster) gemodereer word. Die nagesiene en gemodereerde taak moet ingehandig word saam met die SGA-lêer.

Die Geïntegreerde Taak bestaan uit twee afdelings:

AFDELING A **[75]**

Hierdie afdeling bestaan uit 'n praktiese ondersoek as deel van die dramatiese ontleding van een van die voorgeskrewe tekste. Die proses moet met onderwyserbegeleiding gedoen word, onder gekontroleerde omstandighede.

AFDELING B **[75]**

Afdeling B sal by alle IEB-skole geskryf word onder gekontroleerde omstandighede op 'n voorafbepaalde datum en tyd gedurende die eerste helfte van die jaar.

VRAAG 1 **(45 punte)**

Hierdie vraag sal bestaan uit korter-tipe vrae.

VRAAG 2 **(30 punte)**

Hierdie vraag sal vereis dat leerders moet argumenteer en 'n standpunt moet bewys. Die vraag moet in opstelvorm beantwoord word – 2 tot 3 bladsye (± 500 woorde).

PUNTETOEKENNING:

GEïNTEGREERDE TAAK: OPSOMMING	**PUNTE**
AFDELING A:	
Praktiese komponent	75
AFDELING B:	
Teoretiese/Geskrewe Komponent	75
	(150 × 2) ÷ 5= 60 punte

IEB COPYRIGHT

RIGLYNE VIR DIE EKSTERN-OPGESTELDE GEÏNTEGREERDE TAAK – DRAMATIESE KUNSTE

1. Leerders van Dramatiese Kunste moet drie van die IEB se voorgeskrewe werke in hul Graad 12-jaar bestudeer. Leerders sal egter net oor **EEN** van die werke geëksamineer word in die Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak. Die titels van die voorgeskrewe werke sal deur die IEB bekendgemaak word, twee jaar voor die Taak gedoen moet word.

2. Die Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak sal gedurende die eerste helfte van die jaar gedoen word, op 'n datum en tyd wat deur die IEB bepaal en gepubliseer sal word deur die IEB. Alle IEB Dramatiese Kunste Graad 12-leerders sal dus hierdie taak op dieselfde dag en tyd doen.

3. Hierdie Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak sal deur die eksaminator opgestel word.

4. **Beide Deel A en Deel B van die Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak moet deur die onderwysers nagesien word en deur die streeksvakgroep gemodereer word.**

5. **Moderering van Deel A:**

   Een Dramatiese Kunste onderwyser van die vakgroep of streek moet die finale produk saam met die Dramatiese Kunste onderwyser van daardie skool modereer. Die moderator moet van 'n ander skool afkomstig wees. Indien die skool in 'n streek geleë is waar geen ander nabygeleê skool Dramatiese Kunste aanbied nie, moet 'n volledige visuele opname van die finale produk saam met die onderwyserlêer ingedien word.

   Bewys van moderering vna Deel A sowel as visuele bewys van die finale produk in die vorm van foto's en/of videogrepe moet saam met al die onderwyserlêers ingedien word.

6. **Moderering van Deel B:**

   Vakgroepe en streke moet modereringsessies organiseer wat deur die relevante Dramatiese Kunste onderwysers van die streek of vakgroep bygewoon word. Kruismoderering moet plaasvind vir 'n minimum van 10% van elke skool se kandidate.

   Bewys van die moderering van Deel B moet saam met die onderwyserlêer ingedien word.

7. Die nagesiene en gemodereerde Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak Deel B moet ingedien word saam met die leerderlêers.

IEB COPYRIGHT

8. Die Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak sal uit twee afdelings bestaan:

DEEL A

[SIEN DRAMATIESE KUNSTE KABV-DOCUMENT: BREË ONDERWERPE 1 EN 2]

Hierdie afdeling is 'n praktiese verkenning van die voorgeskrewe drama.
Hierdie afdeling moet onder onderwyser-beheerde omstandighede geskied.
Hierdie afdeling kan van leerders vereis om dramatiese analise en aanbiedingsanalise-elemente te gebruik om:

- te improviseer
- 'n opvoering te bedink en uit te voer
- gedeeltes uit die drama op te voer
- verskillende vorms van opvoering te skep en uit te voer (bv. fisiese teater, skerpsketsery ("stand-up comedy"), kabaret, uitvoerende kuns, radio-onderhoude en stories, video-insette en straatteater)
- verhoogstelle, kostuums, grimering en rekwisiete (props) te ontwerp
- 'n beligting- en/of klankplan te ontwerp
- 'n dramateks te skryf

DEEL B

[SIEN DRAMATIESE KUNSTE KABV-DOCUMENT: BREË ONDERWERPE 3 EN 4]

Hierdie afdeling sal deur al die IEB-skole onder gekontroleerde omstandighede op 'n voorafbepaalde datum en tyd geskryf word.
Die geskrewe komponent sal die volgende toets:

- Vaardigheid in die skryf van 'n opstel.
- Toepassing van die kennis van dramatiese en aanbiedingsontleding
- Kennis van die teater, style, genres en bewegings wat verband hou met die voorgeskrewe drama.

IEB COPYRIGHT

2.2 EKSTERNGESKREWE EKSAMEN – 3 UUR: [(150 × 4) ÷ 5 = 120]

Die eksamenvraestel sal oor twee van die drie voorgeskrewe dramas opgestel word. Die vraestel bestaan uit twee afdelings

AFDELING A – DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS [110]

Twee vrae sal gestel word, een oor elk van die voorgeskrewe dramas. Leerders moet albei vrae beantwoord (2 × 55 =110 punte)

Hierdie afdeling sal bestaan uit 'n aantal korter vrae van verskillende lengtes met 'n totaal van 55 punte. Daar kan 'n keuse binne die kortvrae wees. Sommige van die vrae kan gebaseer word op uittreksels uit die tekste of op ander stimulusmateriaal.

AFDELING B – DRAMATIESE ANALISE [40]

Afdeling B sal 'n opstelvraag wees wat beide voorgeskrewe dramas sal eksamineer.

PUNTETOEKENNING

EKSTERNGESKREWE EKSAMEN	**PUNTE**
AFDELING A:	2 × 55 = 110
Dramas en Opvoering in konteks	
AFDELING B:	40
Dramatiese Analise	
	(150 × 4) ÷ 5 = 120 PUNTE

IEB COPYRIGHT

RIGLYNE VIR DIE EKSTERNGESKREWE EKSAMEN – DRAMATIESE KUNSTE

1. Die fokus gedurende assessering, onderrig en leer moet geplaas word op die Breë Onderwerpe (sien Dramatiese Kunste KABV-dokument) en nie die dramatekste of die teatergeskiedenis nie; dit is slegs 'n middel om die uitkomste te bereik.

2. Dramatiese Kunste-leerders moet drie van die IEB-voorgeskrewe werke in hul Graad 12 jaar bestudeer. Hulle sal egter op TWEE van die drie voorgeskrewe werke in die Eksterne Geskrewe Eksamen geëksamineer word. Die titels van die voorgeskrewe werke sal twee jaar voor die eksamen bekendgemaak word.

4. Die voorgeskrewe werke weerspieël die inhoud wat voorgeskryf is deur die Nasionale Kurrikulum en word gekies om te verseker dat die leerders blootgestel is aan 'n verskeidenheid dramatiese werke vanuit verskillende kontekste, genres en style.

5. Gedurende die studie en analise van die voorgeskrewe werke moet die leerder fokus op die studie van 'n **Dramatiese Analise** (die analise van die teks) en die **Aanbiedingsanalise** (toneelmatige/teatrale elemente, opvoering- en/of filmtegnieke).

Dramatiese Analise vereis van die leerders om te fokus op die volgende elemente:	**Aanbiedingsanalise** vereis van leerders om te fokus op die volgende elemente:
• Historiese, sosiale, politiese, estetiese (kulturele), ekonomiese, wetenskaplike en/of filosofiese konteks. • Historiese, sosiale, politiese, estetiese (kulturele), ekonomiese, wetenskaplike, filosofiese en/of biografiese invloede. • Bedoelings van die dramaturg of konseptualiseerder (wêreldbeeld). • Proses van 'die maak van die spel'. • Genre. • Styl. • Dramatiese aksie/plot • Struktuur • Taal. • Karakters. • Temas. • Simbole. • Toepaslikheid. • Voorstelling van ras, klas, geslag (gender) en kultuur	• Historiese, sosiale, politiese, estetiese (kulturele), ekonomiese, wetenskaplike en/of filosofiese konteks. • Historiese, sosiale, politiese, estetiese (kulturele), ekonomiese, wetenskaplike, filosofiese en/of biografiese invloede. • Bedoelings van die regisseur, konseptualiseerder en/of medewerker (wêreldbeeld). • Proses van die 'maak van die spel' • Interpretasie-keuses van die regisseur, konseptualiseerder en/of medewerker • Styl. • Enscenering, keuse van opvoeringsruimte of lokaliteit. • Stel- of kuns-regissering. • Props.(rekwisiete) • Kostumering. • Simbole. • Beligting • Klank • Spesiale effekte • Styl van toneelspel • Akteur-gehoor verhouding • Toegang, bronne en begunstiging. • Konvensies (bv. gehoordeelname en kamerahoeke) • Toepaslikheid • Voorstelling van ras, klas, gender, kultuur. • Gehoorreaksie

IEB COPYRIGHT

7. Al die analise-elemente moet egter verband hou met die Breë Onderwerpe vir Dramatiese Kunste en kan nie geïsoleerd onderrig word nie.

8. Hierdie elemente van analise en Breë Onderwerpe moet in die konteks van die teater- en dramatiese praktyk bestudeer word – d.w.s. in 'n egte wêreldkonteks.

9. Leerders moet geleer word hoe om akademiese opstelle te skryf.

10. Die inhoud, struktuur en die uitleg van hierdie opstelle word geassesseer en nie slegs die inhoud van die opstel nie. (Sien die 'Struktuur en Uitleg van Argument'-rubriek op bl. 8).

11. Leerders moet blootgestel word aan en moet besin oor die verskeie soorte bronmateriaal – beelde (bv. foto's, illustrasies, diagramme en grafieke), uittreksels uit dramatekste, film-knipsels, oudio-opnames en/of lewende opvoerings.

12. Dramatiese kunste moet aangebied en onderrig word op 'n geïntegreerde wyse. Die geskrewe en praktiese komponente van hierdie vak moet geïntegreer word en leerders moet die geleentheid kry asook aangemoedig word om die analitiese elemente op 'n praktiese wyse te verken en ontgin.

IEB COPYRIGHT

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE DRAMATIESE KUNSTE-OPSTEL

INHOUD VAN OPSTEL			
PUNT	**40**	**30**	
A+ 90%+	36	27	Briljant, toon helder insig. Gebruik gepaste akademiese register. Argument lei tot 'n gevolgtrekking (nie losstaande/nie-verbandhoudende stellings nie). Regverdig antwoord met toepaslike verwysings na die teks met voorbeelde vanuit die drama(s) (verbande tussen die dramatiese beginsels word herken). Verbind antwoord met die gegewe argument (antwoord is doelgerig en nie bloot herhaling nie). Duidelike begrip van die werk.
A 80%+	32	24	Uitstekend maar nie briljant nie. Gebruik gepaste akademiese register. Argument lei tot 'n gevolgtrekking, maar nie so dig-gestruktureerd soos vir 'n A+ nie. Regverdig antwoord met verwysings na die teks met voorbeelde vanuit die dramas. Verbind die antwoord met die argument (antwoord is doelgerig en nie bloot herhaling nie). Duidelike begrip van die werk.
B 70%+	28	21	'n Goeie opstel. Gebruik gepaste akademiese register. Verbind antwoord met die gegewe argument (antwoord is doelgerig en nie bloot herhaling nie). Ongebalanseerde fokus by bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte kry meer fokus as ander). Regverdig antwoord met gepaste verwysings na die teks met voorbeelde vanuit die dramas. Verstaan die werk.
C 60%+	24	18	'n Gemiddelde opstel. Verbind antwoord met die gegewe argument, maar bespreking ontwikkel nie. Ongebalanseerde fokus by bespreking van die aspekte/elemente van die opstel (sommige aspekte verkry meer fokus as ander). Regverdig antwoord met verwysing na die plot. Verstaan die werk.
D 50%+	20	15	Verbind die antwoord met die gegewe argument, maar bespreking is gebrekkig en/of nie gestaaf nie. Ongebalanseerde fokus by bespreking van die aspekte/elemente van die opstel. (sommige aspekte verkry meer fokus as ander). Regverdig antwoord met verwysing na die plot. Redelike kennis van die werk.
E 40+	16	12	Verstaan en wend 'n poging aan om die onderwerp te bespreek, maar bespreking is gebrekkig en/of nie gestaaf nie. Gorrel, veralgemenings, herhaling van kennis sonder om dit te verbind aan die vraag. Regverdig antwoord met verwysing na die plot.
F 30+	12	9	Fokus slegs op een drama of een aspek van die vraag. Bespreking van elemente is skraal. Uitdrukking is swak, min struktuur. Kennis swak.
FF 20+	8	6	Swak. Gebrekkige verstaan van dramas en inhoud. Fokus net op een drama of een aspek van die vraag. Uitdrukking swak, min struktuur.
G 10+	4	3	Swakker as FF. Min kennis, geen argument nie. Uitdrukking swak, geen struktuur nie. Geen poging om die vraag te beantwoord nie.
H 0+	0	0	Uiters swak. Antwoord hou geen verband met vraag nie. Min of geen poging om die vraag te beantwoord nie.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	0	1	2
Goed beplan en gestruktureer/styl:			
• met helder, duidelike inleiding			
• en duidelike gevolgtrekking			
• samehangende ontwikkeling van argument			
• gefokusde en duidelike uitleg van argument deur die gebruik van paragrawe			
• Toepaslike en korrekte verwysing na dramas			
TOTAAL			**10**

[10 punte: struktuur van opstel + 30 punte: inhoud van opstel]

IEB COPYRIGHT

2.3 EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMEN [120]

Die eksterne praktiese eksamen is 'n **groepaanbieding** van **SLEGS** drie verskillende uitvoeringstukke, wat uitvoeringsvaardighede kontrasteer (karakter, periode en styl). Minstens **een** van die stukke moet 'n individuele uitvoering wees met duidelike karakterisering en **een** van hierdie stukke moet 'n groeptoneel wees. Die derde item is die ope afdeling waarin die leerder 'n addisionele vaardigheid kan demonstreer. Die finale praktiese eksamen is 'n eindproduk van vaardighede en nie 'n prosesgebaseerde assessering nie. Die finale uitkoms is dus 'n individuele punt uit 105 en 'n groeppunt uit 15.

Die eksterne praktiese eksamen sal deur 'n eksaminator of eksamenpaneel wat deur die IEB aangestel is, geassesseer word.

Die drie stukke is:

INDIVIDUELE UITVOERING [35]

Hierdie stuk moet duidelike karakterisering toon en moet 'n minimum lengte van een en 'n halwe minuut in optrede beslaan.

Die individuele uitvoering kan een van die volgende wees:
- 'n Monoloog
- 'n Gedramatiseerde prosastuk
- 'n Gedramatiseerde gedig
- 'n Oorspronklike werk

GROEPTONEEL [35]

Hierdie toneel moet duidelike karakterisering en interaksie toon asook die spelers se veelsydigheid. Dit behoort 'n kontras te vorm met die individuele stuk. Alhoewel erkenning gegee word vir dinamiese groepwerk, sal die leerder individueel geassesseer word.

Die groepuitvoering/toneel kan die volgende wees:
- 'n Tweespraak
- 'n Driespraak
- 'n Groeptoneel (Dit kan 'n uittreksel uit 'n drama/roman/rolprentdrama wees. Dit kan ook 'n stuk wees wat deur die groep self bedink is.

OPE AFDELING [35]

OF

IEB COPYRIGHT

KOMMUNIKATIEWE FISIESE UITDRUKKING [35]

Hierdie stuk moet variasie toon en moet kontrasteer met die leerder se ander keuses. Dit moet duidelik 'n vermoë om **fisiek (en/of vokaal)** te kommunikeer demonstreer. Kommunikatiewe fisieke uitdrukking kan die volgende insluit: Mimiek, narrestreke, maskeerspel, verhoog-geveg, choreografie, dansdrama, musiekspelteater, beweging, fisieke (liggaam) teater, ritueel, kabaret, koorspraak, gedramatiseerde prosa, poësie en werkswinkelaktiwiteite.

- dit is 'n groep- of individuele uitvoering.
- Die doel van hierdie afdeling is om addisionele sterkpunte van die leerder ten toon te stel, of binne 'n groep of individueel.
- Leerders word individueel geassesseer.

OF

EIE KEUSE [35]

Hierdie stuk moet gevarieerd wees en moet 'n kontras met die leerder se ander keuses toon.

Die eie keuse kan die volgende insluit: Monoloog, tweespraak, toneel, kabaret, musiekspelteater, koorspraak, prosa, poësie, werkswinkelteater of enige ander gespesialiseerde vaardigheid.

- Dit is 'n groep- of individuele uitvoering
- Hierdie afdeling het ten doel om die leerder se addisionele sterkpunte ten toon te stel binne 'n groep of individueel.
- Leerders word individueel geassesseer.

ALGEHELE INDRUK [15]

Dit is noodsaaklik dat die algehele uitvoering samehangend en goed afgerond is. Leerders sal individueel geassesseer word volgens hul volgehoue betrokkenheid en verbintenis, fokus, variasie van keuses, en 'n vermoë om deurlopend binne 'n groep te kan werk in die program.

PUNTETOEKENNING

EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMEN	**PUNTE**
INDIVIDUELE UITVOERING/OPTREDE	35
GROEPUITVOERING/TONEEL	35
KOMMUNIKATIEWE FISIEKE/LIGGAAMSUITDRUKKING OF EIE KEUSE	35
ALGEHELE INDRUK	15
	120 PUNTE

IEB COPYRIGHT

RIGLYNE VIR PRAKTIESE EKSAMEN – DRAMATIESE KUNSTE

1. Elke leerder moet in minstens drie verskillende uitvoeringstukke optree:
   - 'n Individuele uitvoering/optrede (individueel)
   - 'n Groepsuitvoering/toneel (twee of meer leerders)
   - Eie keuse (groep of individueel) of Kommunikatiewe fisieke/liggaamlike uitdrukking (groep of individueel)

2. Die aanbieding van die DRIE verskillende uitvoeringstukke moet 'n wye verskeidenheid van uitvoeringsvaardighede en kontrasterende style toon.

3. Onderwysers moet seker maak dat leerders samehangende en volgehoue praktiese eksamens aanbied.

4. Leerders moet in groepe van twee tot ses leerders werk. Elke groep moet al hul stukke uitvoer voor die volgende groep begin. Elke groep moet besluit oor die volgorde van hulle stukke sodat dit gedissiplineerde, gefokusde ensemble-werk toon. (Geassesseer volgens algehele indruk.)

5. Tydstoekenning: 10 minute per leerder met 10 minute speling per groep. (d.i. 'n program wat deur 'n groep van vyf leerders aangebied word, behoort nie langer as 50 minute te duur nie). Enige kandidaat/groep wat die maksimum toegelate tyd oorskry, sal gepenaliseer word.

6. Die finale ekamen is 'n uitvoeringstaak. Die vaardighede sal geassesseer word volgens 'n eenmalige uitvoering. Dit is nie 'n prosesgebaseerde assessering nie. Die finale punt per individuele optrede is 105 punte plus 'n punt van 15 vir 'n geheelindruk.

7. Die punt vir algehele indruk neem in aanmerking die rol van die individu binne die groepdinamika.

8. Elke groep moet 'n boekie voorberei vir die eksaminator wat elke leerder se naam en kleurkode insluit. Dit word gevolg deur kopieë van die geredigeerde stukke in die volgorde waarin hulle uitgevoer word. Alle materiaal moet verwysings bevat. 'n Foto van elke leerder sal nuttig wees. Die boekies sal deur die eksaminator gehou word.

9. Die eksamen sal van middel-September tot -middelOktober afgeneem word.

10. Eksamens moet gedurende skooltyd plaasvind. Eksaminatore sal 'n skool se versoeke m.b.t. tyd in ag neem vir tye waar dit moontlik is, maar die meerderheid van praktiese eksamens moet tydens 'n skooldag plaasvind. Alhoewel skole 'n keuse van beskikbare datums mag verskaf, kan hulle nie die keuse van die eksamentyd bepaal nie.

11. Die eksamen sal gedurende skool tyd plaasvind. Sentra met minder as 10 leerders kan gevra word om by 'n ander skool op te tree.

12. Eksamens neem tyd. Verversings behoort vir die eksaminator voorsien te word.

13. Sessies vir 'n dag moet nie agt ure oorskry nie. (met pouses na ± 20 leerders).

IEB COPYRIGHT

14. 'n Gehoor sal vereis word vir die finale eksamen. Daar word sterk aanbeveel dat die Graad 10 en 11 Dramaleerders deel uitmaak van die gehoor.

15. Die eksaminators sal MONDELINGE terugvoer direk na die eksamen aan onderwysers gee EN GESKREWE individuele terugvoering aan onderwysers stuur deur die IEB. Onderwysers moet 'n onlangse punt vir elke leerder verskaf voor die finale eksamen begin om 'n bespreking m.b.t die nasionale standaarde te hou. Die nasionale eksaminator se besluit is egter ononderhandelbaar. Algemene terugvoering sal by die Nasionale Konferensie/ streekkonferensie elke jaar in Februarie gegee word.

WAARSKUWINGS:

- Onderwysers moet verseker dat leerders gereed is vir hul uitvoerings.
- Onderwysers moet leerders help om materiaal te kies wat die moeite werd is om te doen en wat binne hulle vermoë is.
- Beide TV en film bied wonderlike materiaal, maar leerders moet gewaarsku word teen karikature, die gebruik van gevestigde opvoerings of materiaal wat bloot na-apery is.
- Onderwysers moet ook leerders waarsku teen sentimentaliteit en selfbevordering in enige stukke, veral in stukke wat self geskryf is of stukke wat vanaf die Internet verkry is.
- Sekere soorte poësie wat karakterisering demonstreer, sal dieselfde gewig as die van 'n monoloog hê.
- Tydtoekenning moet op 'n verstandige wyse gebruik word volgens 'n leerder se sterkpunte.
- Leerders sal geassesseer word op slegs drie stukke.
- Die fokus van die eksamen is gerig op die individu wat bekenisvolle verbande binne die groep daarstel eerder as op die gebruik van tegniese ontwerp en opvoeringseffekte van buite. Punte word nie daarvoor toegeken nie.
- Dit is noodsaaklik dat die leerder 'n variasie in styl en/of genre en/of karakterisering tydens sy/haar aanbieding toon.
- Die gebruik van multimedia soos film word toegelaat, maar elke stuk wat aangebied word, moet op lewendige opvoering gerig wees.

Let wel:

Die rubrieke wat volg is reproduseer of aangepas van dié in die Dramatiese Kunste KABV-dokument wat deur die Departement van Basiese Onderrig uitgegee is.

IEB COPYRIGHT

RUBRIEKE VIR PRAKTIESE EKSAMEN – DRAMATIESE KUNSTE

LET WEL: Die volgende rubrieke vir die Monoloog, Toneel, Poësie, Prosa en Beweging/ Fisiese Uitdrukking kan vir die bou van vaardighede in Graad 10 en 11 gebruik word. Dit is belangrik dat leerders duidelik bewus gemaak word van die kriteria waarvolgens hulle geasseseer sal word.

MONOLOOG

KRITERIA	Volledig bereik	Gedeeltelik bereik	Nie bereik nie
Voorbereiding:	Die leerder ken die woorde van die monoloog en toon bewys van denke, beplanning en inoefening	Die leerder ken die woorde, maar toon 'n mate van onsekerheid of gebrek aan inoefening	Die leerder ken nie die woorde van die monoloog nie en toon geen bewys van denke, beplanning en inoefening nie.
Begrip van monoloog	Die leerder toon 'n begrip van die monoloog soos dit in die konteks van die drama as geheel pas; hy/sy verstaan die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en hul dryfvere.	Daar is tekens van 'n mate van begrip van die monoloog, maar sekere aspekte is misgekyk, of dit is nie deurgaans konsekwent nie; daar is moontlik 'n misinterpretasie op grond van die gegewe omstandighede.	Die leerder toon min of geen begrip van die monoloog soos dit in die konteks van die drama voorkom nie; hy/sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en hul dryfvere nie; daar is algehele misinterpretasie op grond van die gegewe omstandighede.
Stem-karakterisering	Die leerder toon 'n begrip van hoe al die elemente van stem saamwerk om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker te kommunikeer; hy/sy kan 'n teks interpreteer, kan gepaste keuses vir karakterisering uitvoer en gebruik hierdie gekose kenmerke sonder om die stem te forseer; hierdie kenmerke kan die volgende insluit: toonhoogte, intonasie, reikwydte, ritme, klem, toon en kwaliteit om sodoende die stem van die karakter suksesvol en toepaslik oor te dra	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in sy/haar poging om 'n stemkarakterisering te skep en vol te hou, of daar is tekens van stemforsering; sekere aspekte van die karakterisering is dalk onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om 'n stemkarakterisering te skep en vol te hou nie, of stemforsering is deurgaans teenwoordig; die stemkarakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.
Duidelikheid/ helderheid van stem	Die leerder praat duidelik en hoorbaar en kommunikeer helder en verstaanbaar; hy/sy kan (binne sekere perke) die gepaste volume vir 'n ruimte gebruik sonder om die stem te forseer.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in sy/haar poging om duidelik en hoorbaar te praat en helder te kommunikeer; daar is enkele glipse, of daar is soms spanning merkbaar.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat vir helder kommunikasie nie; volume word slegs bereik deur die stem te forseer.
Liggaamlike/ fisieke karakterisering	Die leerder toon 'n vermoë om die liggaam aan te pas m.b.t. houding, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, liggaamlike ritmes en gewoontes om op suksesvolle en toepaslike wyse die liggaamlikheid van sy/haar karakter oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol daarin om 'n liggaamlike karakterisering te skep en vol te hou, of daar is tekens van onnodige spanning; sekere aspekte van die karakterisering kan onvanpas wees vir die spesifieke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om 'n liggaamlike karakterisering te skep en vol te hou nie, of oormatige en onnodige spanning word deur die vertoning getoon; die fisieke karakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.
Verhoogkuns	Toepaslike keuses word gemaak t.o.v. verhoogruimte, blok, kostumering, rekwisiete en stelelemente. Dit hou alles verband met die styl of genre van 'n stuk en dra by tot die algehele trefkrag van die opvoering.	Sommige toepaslike keuses word gemaak rakende verhoogkunselemente. Word oor die algemeen aangewend om die algehele opvoering te verryk.	Min toepaslike keuses is gemaak. Min begrip oor hoe verhoogkuns gebruik kan word om die algehele opvoering te verryk.

IEB COPYRIGHT

TONEEL

KRITERIA	Volledig bereik	Gedeeltelik bereik	Nie bereik nie
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die toneel en toon bewys van denke, beplanning en inoefening.	Die leerder ken die woorde, maar is soms onseker of toon gebrek aan inoefening.	Die leerder ken nie die woorde van die toneel nie en toon geen tekens van denke, beplanning en inoefening nie.
Begrip van toneel	Die leerder toon insig in die toneel soos dit binne die geheel van die dramakonteks voorkom; sy/hy verstaan die basiese dilemma/konflik van die toneel en die karakters en hul dryfvere.	Daar is tekens van 'n mate van insig in die toneel maar sekere aspekte is misverstaan, of dit is nie deurgaans konsekwent nie; daar is moontlik misinterpretasie op grond van die gegewe omstandighede.	Die leerder toon min of geen insig in die toneel soos dit in die geheel van die dramakonteks voorkom nie; hy/sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die toneel en sy/haar karakter en dryfvere nie; daar is algehele misinterpretasie op grond van die gegewe omstandighede.
Stem-karakterisering	Die leerder toon insig in hoe al die elemente van stemaksie saamwerk om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker te weergee; hy/sy kan 'n teks interpreteer, voer gepaste keuses uit vir karakterisering en gebruik hierdie kenmerke sonder om die stem te forseer; hierdie kenmerke kan die volgende insluit: toonhoogte, intonasie, reikwydte, ritme, klem, toon en kwaliteit om sodoende op gepaste en suksesvolle wyse die stem van die karakter oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep van volgehoue stemkarakterisering, of daar is tekens van stemforsering; sekere aspekte van die karakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om stemkarakterisering te skep of vol te hou nie, of die stem word geforseer deur die hele vertoning; die stemkarakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.
Duidelikheid/helderheid van stem	Die leerder kan duidelik en hoorbaar praat vir helder en verstaanbare kommunikasie; hy/sy is in staat om (binne sekere perke) die gepaste volume vir die ruimte te gebruik sonder om die stem te forseer.	Die leerder kan met redelike sukses duidelik en hoorbaar praat vir helder en verstaanbare kommunikasie; enkele glipse kom voor of daar is oomblikke van spanning en forsering.	Die leerder slaag nie daarin om duidelik en hoorbaar te praat vir helder en verstaanbare kommunikasie nie; volume word slegs bereik deur die stem te forseer.
Liggaamlike/fisieke karakterisering	Die leerder het die vermoë om die liggaam aan te pas m.b.t. houding, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisieke ritmes en gewoontes om suksesvol en gepas die liggaamlikheid van sy/haar karakter oor te dra.	Die leerder slaag gedeeltelik daarin om 'n fisieke karakterisering te skep en vol te hou, of daar is tekens van onnodige spanning; sekere aspekte van die karakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.	Die leerder slaag nie daarin om die fisieke karakterisering te skep of vol te hou nie, of daar is deurlopend uitermatige spanning merkbaar in die aanbieding; die fisieke karakterisering is onvanpas vir die spesifieke karakter of konteks.
Verhoogkuns	Toepaslike keuses word gemaak t.o.v. verhoogruimte, blok, kostumering, rekwisiete en stelelemente. Dit hou alles verband met die styl of genre van 'n stuk en dra by tot die algehele trefkrag van die opvoering.	Sommige toepaslike keuses word gemaak rakende verhoogkunselemente. Word oor die algemeen aangewend om die algehele opvoering te verryk.	Min toepaslike keuses is gemaak. Min begrip oor hoe verhoogkuns gebruik kan word om die algehele opvoering te verryk.

IEB COPYRIGHT

POËSIE

KRITERIA	Volledig bereik	Gedeeltelik bereik	Nie bereik nie
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die gedig en toon bewys van denke, beplanning en inoefening.	Die leerder ken die woorde, maar daar is tekens van onsekerheid of gebrek aan inoefening.	Die leerder ken nie die woorde van die gedig nie en toon geen tekens van denke, beplanning of inoefening nie.
Begrip van gedig	Die leerder toon insig in die gedig en die interpretasie is gepas en geregverdig.	Die leerder toon insig in die gedig en die interpretasie is meesal gepas en geregverdig.	Die leerder toon nie insig in die gedig nie en die interpretasie is onvanpas en nie geregverdig nie.
Uitdrukking van betekenis	Die leerder verstaan hoe om betekenis oor te dra d.m.v. die gebruik van elemente soos frasering, pousering, klem, intonasie en stemtoon (kwaliteit); hy/sy kan 'n teks interpreteer met gebruik van hierdie elemente en kommunikeer die betekenis van die teks helder en sinvol.	Die leerder slaag slegs gedeeltelik daarin om die betekenis van die gedig oor te dra; die betekenis word nie deurgaans duidelik of sinvol weergegee nie.	Die leerder slaag nie daarin om die betekenis van die gedig oor te dra nie; die betekenis word nie sinvol of duidelik weergegee nie.
Uitdrukkingsvermoë van stem	Die leerder kan 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit wat uniek, gepas en geen tekens van forsering toon nie, skep hy/sy ontgin en gebruik die betekenisvolle, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om die fyn onderskeiding van betekenis uit te druk en atmosfeer en toon oor te dra.	Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van stemforsering; hy/sy is nie heeltemal suksesvol met ontginning en gebruik van interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om die fyn onderskeiding van betekenis uit te druk en atmosfeer en toon oor te dra nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie of daar is tekens van oormatige stemforsering; sy/hy is nie in staat om die betekenisvolle, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke te ontgin en te gebruik om die fyn betekenisonderskeiding, toon en atmosfeer oor te dra nie.
Stemhelderheid/-duidelikheid	Die leerder kan duidelik en hoorbaar praat vir helder kommunikasie; hy/sy is in staat om (binne sekere perke) die gepaste volume vir 'n ruimte sonder stemforsering te gebruik.	Die leerder is gedeeltelik in staat om duidelik en hoorbaar te praat vir helder kommunikasie; daar is oomblikke van glipse of soms tekens van spanning.	Die leerder is nie in staat om duidelik en hoorbaar te kommunikeer nie en die volume word slegs bereik deur stemforsering.
Liggaamlike/fisieke werk	Die leerder kies beweging of afwesigheid daarvan gepas tot die gedig en hul interpretasie daarvan; sy/hy toon beheer oor hul liggaam om onnodige spanning te ontlaai en vestig optimale balansering; die liggaam ondersteun die stem en is geïntegreer daarmee.	Die leerder se keuses m.b.t. beweging of bewegingloosheid is nie deurgaans gepas tot die gedig nie OF daar is tekens van gebrek aan beheer oor die fisikaliteit OF daar is soms tekens van onnodige spanning OF die liggaam is nie volledig geïntegreer met die gedig nie.	Die leerder kies onvanpaste bewegings of bewegingloosheid OF daar is min of geen beheer oor die liggaamlikheid OF daar is tekens van uitermate en onnodige spanning OF die liggaam is glad nie geïntegreer met die gedig nie.
Verhoogkuns	Toepaslike keuses word gemaak t.o.v. verhoogruimte, blok, kostumering, rekwisiete en stelelemente. Dit hou alles verband met die styl of genre van 'n stuk en dra by tot die algehele trefkrag van die opvoering.	Sommige toepaslike keuses word gemaak rakende verhoogkunselemente. Word oor die algemeen aangewend om die algehele opvoering te verryk.	Min toepaslike keuses is gemaak. Min begrip oor hoe verhoogkuns gebruik kan word om die algehele opvoering te verryk.

IEB COPYRIGHT

PROSA

KRITERIA	Volledig bereik	Gedeeltelik bereik	Nie bereik nie
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die prosateks en toon bewys van denke, beplanning en inoefening.	Die leerder ken die woorde, maar daar is tekens van onsekerheid of gebrek aan inoefening.	Die leerder ken nie die woorde van die prosateks nie en toon geen teken denke, beplanning en inoefening nie.
Begrip van die prosateks	Die leerder toon insig in die prosateks en die interpretasie is gepas en geregverdig.	Die leerder toon gedeeltelike begrip van die prosateks en die interpretasie is meesal gepas en geregverdig.	Die leerder toon geen begrip van die prosateks nie en die interpretasie is onvanpas en nie geregverdig nie.
Uitdrukking van betekenis	Die leerder dra betekenis suksesvol oor deur die gebruik van elemente soos frasering, pousering, klem, intonasie en stemtoon (kwaliteit); hy/sy is in staat om 'n teks te interpreteer deur hierdie elemente te gebruik en kommunikeer die betekenis van die teks duidelik en met gevoel.	Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol in die oordra van die betekenis van die prosateks; die betekenis is nie deurgaans duidelik of gevoelvol nie.	Die leerder slaag nie daarin om die betekenis van die prosateks oor te dra nie; die betekenis is nie duidelik nie of is sonder gevoel oorgedra.
Stemuitdrukking	Die leerder gebruik 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit wat uniek en gepas is, sonder enige tekens van stemforsering; hy/sy ontgin en gebruik die betekenisvolle, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke om die fyn onderskeiding van betekenis uit te druk en dra atmosfeer en toon oor.	Die leerder se stem is nie konsekwent gebalanseer of aangenaam om te hoor nie, of daar is tekens van stemforsering; hy/sy slaag nie heeltemal daarin om die betekenisvolle, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke uit te druk nie en om atmosfeer en toon oor te dra nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om te hoor nie, of daar is tekens van oormatige stemforsering, hy/sy is glad nie in staat om die betekenisvolle, interpretatiewe en musikale aspekte van spraakklanke uit te druk nie en om atmosfeer en toon oor te dra nie.
Stemhelderheid/-duidelikheid	Die leerder kan duidelik en hoorbaar praat vir helder kommunikasie; hy/sy is in staat (binne sekere perke) om die gepaste volume vir die ruimte te gebruik sonder stemforsering.	Die leerder praat gedeeltelik duidelik en hoorbaar vir helder kommunikasie alhoewel enkele glipse voorkom, of daar is oomblikke van forsering merkbaar.	Die leerder is nie in staat om duidelik en hoorbaar te praat nie; volume kan slegs met stemforsering bereik word.
Liggaamlike/fisieke werk	Die leerder kies beweging of die afwesigheid daarvan wat gepas is vir die prosateks en die interpretasie daarvan; hy/sy toon beheer oor die liggaam om onnodige spanning te ontlaai en optimale balans te verkry; die liggaam ondersteun die stem en is geïntegreer daarmee, die liggaam word kreatief aangewend om uitdrukking te gee aan die prosateks.	Die leerder se keuses in terme van beweging of bewegingloosheid is nie deurgaans gepas vir die prosateks nie OF daar is soms gebrek aan beheer oor die liggaamsaspekte OF daar is soms tekens van onnodige spanning OF die liggaam is nie deurgaans ten volle geïntegreer met die prosateks nie; daar is slegs enkele tekens van kreatiwiteit en uitdrukkingsvermoë by die gebruik van die liggaam.	Die leerder kies onvanpaste beweging of bewegingloosheid m.b.t. die prosateks OF daar is min of geen beheer oor die fisieke elemente nie OF daar is tekens van oormatige spanning OF die liggaam is glad nie geïntegreer met die prosateks nie; daar is min of geen tekens van kreatiwiteit en uitdrukkingsvermoë in die gebruik van die liggaam.
Verhoogkuns	Toepaslike keuses word gemaak t.o.v. verhoogruimte, blok, kostumering, rekwisiete en stelelemente. Dit hou alles verband met die styl of genre van 'n stuk en dra by tot die algehele trefkrag van die opvoering.	Sommige toepaslike keuses word gemaak rakende verhoogkunselemente. Word oor die algemeen aangewend om die algehele opvoering te verryk.	Min toepaslike keuses is gemaak. Min begrip oor hoe verhoogkuns gebruik kan word om die algehele opvoering te verryk.

IEB COPYRIGHT

BEWEGING/FISIEKE UITDRUKKING

KRITERIA	Ten volle behaal	Gedeeltelik behaal	Glad nie behaal nie
Voorbereiding: toegewyde en afgeronde opvoering	Die leerder is vol selfvertroue in die toneel en lewer bewys van begrip, beplanning en instudering.	Die leerder toon sekere tekens van onsekerheid en/of gebrek aan repitisie.	Die leerder lewer geen bewys van begrip, beplanning en repitisie nie.
Styl/genre: Die gebruik van verhoogkuns-konvensies en beelde om die estetiese te skep (die algehele visuele trefkrag)	Duidelike stilistiese keuses en konvensies is gebruik om 'n visuele en samehangende opvoering te skep wat tegnies goed is.	'n Taamlik goeie begrip van styl, maar toon 'n gebrek aan tegniese vaardigheid en sprankel.	'n Beperkte begrip van styl, tegniese vaardigheid en verhoogkuns.
Narratief en/of konsep: uitdaging, subteks, skeppend, oorspronklikheid	Konsep is kreatief geïntergreer deur fisiese en visuele middele. Insigvolle subteks. Uitdagend.	'n Konsep is waarneembaar, maar toon 'n gebrek aan insig, verkenning en integrasie met enscenering.	Konsep is vaag. Geen duidelike fokus nie. Gebrek aan diepte en kompleksiteit.
Gebruik van stimulus: interpretasie, integrasie (musiek/teks/rekwisiete/ projeksies/beelde)	Uitstekende interpretasie en integrasie van stimulus, konsep en fisiese uitdrukking.	Stimulus nie ten volle verken en geïntegreer in die uitvoering nie.	Stimulus word nie verken of in die uitvoering geïntegreer nie.
Gebruik van ruimte	Doeltreffende interpretasie van opvoeringsruimte. Verhoogbesetting is dina-mies en maak gebruik van vlakke/ rigting/vlakke. Duidelike bewustheid van ander op verhoog. Duidelike besef van akteur/gehoor-verhouding.	Sommige bewustheid van ander op verhoog, maar verhoogbesetting is staties. Die verhouding tussen akteur en gehoor is onduidelik.	Ruimte is glad nie gebruik nie. Spelers dwaal doelloos rond op verhoog. Vormloos en sonder struktuur.
Uitdrukking van gemoedstemming en atmosfeer	Stemmingsvol. Bou dramatiese spanning.	Het soms teatrale spanning, maar dit word nie volgehou nie.	Geen oorweging aan hoe dit voorkom en stemming nie. Weinig skep van stemming en atmosfeer.
Opvoeringsenergie			
• **klimaksmomente** • **groepkohesie/ individuele fokus** • **volhoubaarheid**	Gebruik van ritme/tempo eb en vloei. Klimaksmomente is moeiteloos.	'n Sin van ritme en pousering. Klimaks-oomblikke val plat.	Daar is geen dramatiesc spanning of klimaks-oomblikke nie.
	Betrokke by mekaar. Handhaaf fokus.	Opregte bereidwilligheid om goeie werk te lewer, maar dit word nie volgehou nie.	Nie in staat om energie en fokus te handhaaf nie.
	Hoë uitvoeringsenergie.	Energie kom en gaan.	Toon weinig belangstel-ling in opvoering.
Fisieke uitdrukking • **Gebruik van liggaamstaal/ danstegnieke/mimiek/fisieke teater om karakter uit te beeld/konsep/emosies**	Toon uitstekende tegniek in fisieke uitdrukking. Duidelike integrasie tussen tegniese vaardigheid en uitdrukking van konsep/ karakter/emosie.	Sommige goeie tegniek. Beperkte integrasie tussen fisieke uitdrukking en konsep/karakter/emosie.	Swak tegniek en integrasie tussen fisieke uitdrukking en konsep/karakter/ emosie.
Impak van stuk: onvergeetlik, effektief en betrokke	Asemrowend.	Betrokke, maar met tye geforseerd.	Vervelig.

LET WEL:

Die volgende rubriek – wat deur IEB eksterne, praktiese eksaminatore gebruik word – sal u help en lei ten opsigte van wat op Graad 12-vlak verwag word – 'n volledige integrasie en toepassing van alle vaardigheide wat voorheen aangeleer is. U word aangemoedig om die rubriek aan te pas vir doeleindes van Graad 10 en 11 kandidate.

IEB COPYRIGHT

EIEKEUSE-RUBRIEK

	Graad 12 Geintegreerde Rubriek
PRESTASIEVLAK-AANDUIDERS	**ASSESSERINGSKRITERIA**
7 **100 – 90%** **[A+]**	Meesleurend. Asemrowend. Diepte en subteks. Outentieke aanbieding. Volgehoue vermaak en uitvoeringsfokus. Volledige weergawe van subteks. Sinvolle interpretasie van karakter, teks en styl wat getuig van insig. Uitmuntende tegniese elemente en verhoogkuns moet deurgaans die aandag behou. Volwasse, en toewyding tot werk is duidelik. Uitvoering kan weer gesien word.
7 **89 – 80%** **[A]**	Besit die 'wow'-faktor. Tegnies baie goed. Meesleurend. Volgehoue fokus. Sprankelend. Uitvoeringsenergie hoog. Vermoë om subteks oor te dra. Deurgaans gefokus. Helder begrip van uitvoering en verhoogtegniek. Interpretasie van karakter, teks en styl meesal insiggewend. Demonstreer konflik. Bou dramatiese spanning en klimaks met gemak. Skep 'n spesifieke karakter.
6 **79 – 75%** **[B+]**	'n Hoogstoereikende uitvoering wat die aandag hou. Baie goed, maar ontbreek aan teatrale sprankel. Leerder bly gefokus. Is effens gespanne by tye, maar hou dit nie vol nie. Moet artikulasie, 'n sin vir ritme en pousering toon. Interpretasie van karakter insiggewend. Karakterisering geloofwaardig en gepas. Toneelvoorstelling goed en energie oortuigend.
6 **74 – 70%** **[B]**	Selfversekerde en bevoegde uitvoering. Opregtheid en sensitiwiteit. Behou die aandag. Geloofwaardige en gepaste karakterisering. Verbind met ander karakters op verhoog. Ontbreek impak. Verhoogtegniek moet steeds merkbaar wees hoewel klem soms wegraak, of uitvoering word nie deurgaans volgehou nie.
5 **65 – 69% [C+]**	Uitvoering is voorberei en toewyding is opmerklik. Opregte gewilligheid om goeie werk te skep. Karakterisering is gepas maar kan effe onnatuurlik voorkom. Kan subteks genoegsaam skep. Fokus en energie nie deurgaans volgehou nie. 'n Mate van goeie tegniese vaardigheid merkbaar, maar nie volgehou nie.
5 **64 – 60%** **[C]**	Voorbereid vir uitvoering en toon toewyding. Uitvoering is redelik en ontbreek aan diepte. Subteks nie genoegsaam oorgedra nie. Karakterisering gepas. Genoegsame uitvoering. Hoorbaar maar kort verskeidenheid van toon, tempo, modulasie. Beperkte reikwydte. Ontbreek aan dramatiese aantreklikheid. Het nie die vermoë om te rasionaliseer wat hy/sy doen nie.
4 **59 – 50%** **[D]**	Bewys van tegniese vaardigheid, maar geen begrip van inhoud nie. Karakterisering beperk, kom diepte en kompleksiteit kort. Min emosionele verbintenis. Hoorbaar. Leerder matig toegerus met die nodige tegniese vaardighede. Geen duidelike fokus nie. Doellose bewegings. Behou soms die aandag.
3 **49 – 40%** **[E]**	Tekens dat 'n mate van voorbereiding gedoen is. Nie in staat om fokus deurgaans te behou nie. Karakter nie ontwikkel nie. Leerder vind internalisering moeilik en karakterisering is nie oortuigend nie. Struktuur en subteks afwesig. Gebrek aan verbintenis. Baie min tekens van voorbereiding. Leerder nie in staat om tegniese vaardighede van uitvoering te gebruik nie.
2 **39 – 30%** **[F]**	Nie geloofwaardig nie. Nie genoegsaam voorbereid vir uitvoering nie. Nie in staat om fokus, energie, of karakterisering vol te hou nie. Karakterisering oppervlakkig en/of onvanpas. Nie in staat om tegniese vaardighede toe te pas nie.
1 **29 – 0%** **[F]**	Leerder nie gereed vir assessering nie. Misluk in skepping van subteks of konteks. Min tekens van karakterisering. Baie min bewys van voorbereiding.

IEB COPYRIGHT

GRAAD 10 EN GRAAD 11 KURRIKULUMRIGLYNE – DRAMATIESE KUNSTE
GRAAD 10 KURRIKULUMRIGLYNE

Die sillabus moet met 'n gestruktureerde steiermetode aangebied word waar boustene van kennis met mekaar skakel en logies van konsep tot konsep en graad tot graad vorder.

Die KABV-dokument stel dat praktiese werk tesame met teatertydperke en tekste bestudeer word. Daarbenewens moet elke jaar begin word met 'n stewige inleiding tot toneelspeel en stemvaardighede.

Die KABV-dokument (bladsy 11 – 13) stel dat 4 Breë Onderwerpe aangespreek moet word:

1. **Persoonlike bronontwikkeling (stem, improvisering, fisiese ontdekking en nieverbale kommunikasievaardighede**
2. **Toneelspel en opvoering**
3. **Opvoeringstekste in konteks**
4. **Teater/filmproduksie**

Oorspronge en ontwikkeling van teater moet besondere aandag kry (veral daardie teaterperiodes wat skakel met Graad 11 en 12 en uiters belangrik is om te verstaan hoe modernistiese en kontemporêre teater beïnvloed is deur daardie style) Ontwikkeling van drama vanuit rituele, Griekse, Middeleeuse, Commedia dell'Arte en Elizabetaanse/Indiese teater

Daarby moet ook 'n betekenisvolle afdeling fokus op Suid-Afrikaanse Teater. Daar word voorgestel dat die geskiedenis en ontwikkeling van SA-teater en die ontginning van teater met 'n spesifieke agenda aandag verkry. Sien bladsy 13 van die KABV/CAPS-dokument.

Ingeskakel hierby moet gepaste tekste gekies word om te verstaan hoe teorie omgesit word in die praktyk, ('n minimum van 3 tekste). Voorgestelde tekste:

Suid-Afrikaanse tekste

Woza Albert; You strike the woman; You strike the rock; Asinamali; , Love Crime and Johannesburg; Hungry Earth; Born in the RSA; Theatre for Africa; Feedback.

Antieke Griekse Tekste

Oedipus; Antigone; Trojan Women; Medea.

Middeleeuse Teater

Everyman

Commedia dell'Arte

Leerders kan hul eie Commedia dell'Arte-uitvoerings doen deur improvisasie, en deur die intrige en tipiese karakters van Commedia dell'Arte te gebruik.

Elizabetaanse Teater

Samewerking met die Engelse departemente oor hierdie afdeling van die werk moet aangemoedig word.

IEB COPYRIGHT

Die KABV-dokument beveel aan dat praktiese werk bestudeer word terwyl die teaterperiodes en tekste ontgin word. Daarby is dit noodsaaklik om die jaar te begin met 'n behoorlike inleiding tot toneelspel- en stemvaardighede.

Die KABV- dokument (bll. 11 – 13) beveel aan dat 4 breë areas gedek word:

- persoonlike bronne-ontwikkeling (stem, improvisasie, fisieke ontginning en nie-verbale kommunikasievaardighede)
- toneelspel en opvoering
- opvoeringstekste in konteks
- teater

GRAAD 11 EN 12 KURRIKULUMRIGLYNE

Drie dramatekste moet bestudeer word: 1 × Realisties; 1 × Suid-Afrikaans; 1 × Gestileerde Teaterassessering: 50% prakties, 50% teoreties – Sien NUWE SAGS/VAR'e 2014 vir presiese verdeling en berekening.

Gestileerde teater ('ismes') – laat 19de en 20ste eeuse Teater

Breë oorsig onderrig d.m.v. tekste waar moontlik)

- **Melodrama**
- **Realisme – Bestudeer 'n teks hier**
- Simbolisme (voorbeelde in Realistiese tekste)
- Ekspressionisme
- Dadaïsme
- Surrealisme
- **Epiese Teater – Bestudeer 'n teks hier**
- Eksistensialisme
- Absurdisme
- Gestroopte teater (as nie reeds verken as deel van SA-teater nie)

Realisme en Stanislavski

Die Stanislavsky-toneelspelsisteem behoort deur 'n reeks praktiese werkswinkels en selfverkenning bestudeer te word en NIE slegs teoreties nie.

Realistiese teks

Alhoewel 19de eeuse Realisme en Amerikaanse Realisme in Graad 11 bestudeer word moet die keuse van die teks (in die styl van Realisme) nie beperk word deur hierdie kontekste nie.

Voorgestelde dramas:

19de eeuse Realisme: *A Doll's House* – Ibsen, *Miss Julie* – Strindberg, (*After Miss Julie* – Patrick Marber is 'n baie goeie aanpassing), *Seagull* – Chekhov
Amerikaanse Realisme: die vroeë werke van Tennessee Williams, Arthur Miller en Eugene O'Neil
Suid-Afrikaanse Realisme: *Hello And Goodbye, People are Living There* – Athol Fugard,
Postmodernistiese Realisme: *Doubt* – John Patrick Shanley. *Rabbit Hole* David Lindsay-Abaire, *Race* – David Mamet, *Clyebourne Park* deur Bruce Norris, *Time Stands Still* deur Donald Margulie

IEB COPYRIGHT

Epiese Teater

Ekspressionisme, Bertolt Brecht en sy teater moet bestudeer word as deel van hierdie komponent van die Graad 11-sillabus:

Epiese Teater-teks

Enige teks geskryf deur Bertolt Brecht.
Die studie van Epiese Teater behoort nie beperk te word tot die tekste deur Brecht nie, bv. *Sophiatown* & *Love, Crime and Johannesburg* – Junction Avenue Theatre Company

Suid-Afrikaanse Teater

- Teater met 'n spesifieke agenda
- Hooffokus op Protesteater
- Insluitend invloed van Grotowski & Gestroopte teater (skakel met onderwerp 10)

Suid-Afrikaanse teks

Sizwe Banzi is Dead, The Island, Woza Albert!,

Stem- en liggaamswerk

- Moet volg op en voortgaan vanaf Graad 10. Byvoorbeeld, interkostale diafragmatiese asemhaling, stemopwarming, artikuleerders, uitspraak, projektering van die stem, stem-karakterisering, ens.

Fisieke teaterwerk

- Skakel met Suid-Afrikaanse en Gestroopte teater ?

IEB COPYRIGHT

ADDENDA – DRAMATIESE KUNSTE

ADDENDUM 1: SGA-DEKBLAD MET VERKLARING

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DRAMATIESE KUNSTE SGA-DEKBLAD

NAAM VAN LEERDER: _____

EKSAMENNOMMER

Hiermee verklaar ek dat al die werk wat voorgelê is as deel van die Dramatiese Kunste- SGA outentiek is (d.i. my eie werk) met geen plagiaat of hulp van ander wanneer dit nie toegelaat is nie.

GETEKEN LEERDER: _____

DATUM: _____

IEB COPYRIGHT

ADDENDUM 2: IEB LEERDERLÊER SE INHOUDBLAD

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT
DRAMATIESE KUNSTE
SGA-LÊER

VOLLE NAAM VAN LEERDER: _____

EKSAMENNOMMER

LET WEL: VERSEKER ASSEBLIEF DAT JY DIE SGA EN DIE EKSTERN-OPGESTELDE GEïNTEGREERDE TAAK APART BEREKEN.

		Moontlike Punt	Werk-like Punt	Beraamde vlak
	GEïNTEGREERDE PRAKTIESE ASSESSERING			
	3 Geïntegreerde Praktiese Take			
1.		25*		
2.		25*		
3.		25*		
	TOTAAL:	**75***		
	TEORETIESE INTERNE ASSESSERING			
	3 Toetse			
1.		10*		
2.		10*		
3.		10*		
	VOORBEREIDENDE/REKORDEKSAMEN			
1.		15*		
	TOTAAL:	**45***		
	TOTAAL:	**120***		
	FINALE TOTAAL: [VERWERKING: (TOTAAL × 5) ÷ 6]	**100**		

		Moontlike Punt	Werklike Punt	Beraamde vlak
	EKSTERN-OPGESTELDE GEïNTEGREERDE TAAK			
1.	AFDELING A	75*		
2.	AFDELING B	75*		
	TOTAAL:	**150***		
	FINALE TOTAAL: [VERWERKING: (TOTAAL × 2) ÷ 5]	= **60**		

GETEKEN LEERDER: _____ GETEKEN ONDERWYSER: _____

***BEREKEN RESULTAAT TOT EEN DESIMALE PUNT VIR ELKE TAAK. FINALE AFRONDING VIND AAN EINDE PLAAS.**

IEB COPYRIGHT

ADDENDUM 3: STREEKSMODERERING TERUGVOERVORM

ONDERWYSER SE MEESTERLÊER

Sentrumnommer: _____

Skool: _____

_____

DATUM: _____

NAAM VAN ONDERWYSER: _____

NAAM VAN MODERATOR: _____

		Ja	Nee
	Algemene Administrasie		
	Onderwyserslêer is logies en sistematies uiteengesit		
	Amptelike IEB- puntelys (gedruk, nie handgeskrewe nie) van aangetekende punte [Vraestel 3 – Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak en Vraestel 4 – SGA], onderteken deur alle partye [oorspronklike]		
	Rangorde van finale SGA-punte vir ALLE leerders		
	Teoretiese DASS met take geselekteer vir die Teoretiese Interne Assessering uitgelig [oorspronklike punte voor verwerkings]		
	Praktiese DASS met take geselekteer vir die Geïntegreerde Praktiese Take uitgelig [oorspronklike punte voor verwerkings]		
	Finale sigblaaie wat geselekteerde punte en hul berekenings toon soos per eindvereistes.		
	'n Sigblad wat die korrekte berekenings toon vir Deel A (uit 75) en Deel B (uit 75) van die Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak en die finale punt uit 60 [(150 x2) ÷ 5] wat elke leerder behaal het.		
	Kopieë van voltooide leerder**inhoudblaaie** [d.i. nie verklarings nie] vir ALLE leerders, onderteken deur leerders en onderwyser		
	Geïntegreerde Praktiese Take		
	Taakblaaie vir ALLE Geïntegreerde Take vir die jaar is ingesluit		
	Alle take is duidelik uiteengesit vir leerders, en rubrieke en/of ander assesseringsinstrumente ingesluit waar relevant.		
	Assesseringsinstrumente en/of rubrieke kom ooreen met die taak en die kriteria wat daarop aangedui is		
	Take is gepas vir toegelate tyd		
	Take is gepas vir puntetoekenning		
	Dit is absoluut duidelik HOE punte vir elke taak bereken is		
	Leerders is voorsien van geleenthede om geassesseer te word in terme van hul individuele belangstellings en sterkpunte en daar is geen teken dat enige leerder benadeel is deur die ontwerp/beplanning van take en/of die assessering daarvan nie		
	Alle take is voldoende uitdagend		
	Toetse		
	ALLE toetse en eksamens wat gedurende die jaar voltooi is, is ingesluit		
	Toetse vertoon 'n toepaslike reikwydte van denkvlakke		
	Vereistes van die vrae is gepas vir die toegelate tyd		
	Vereistes van die vrae is gepas vir puntetoekenning		
	Die toetse is akademies uitdagend en reflekteer die standaard en struktuur wat op hierdie		

IEB COPYRIGHT

	vlak vereis word		
	Volledige memoranda is ingesluit, asook rubrieke waar toepaslik		
	Ontledingsmatrikse is voltooi vir elke toets		
	Bewys van moderering vir elke toets		
	Voorbereidende/Rekordeksamen		
	Die eksamen is 'n presiese afbeelding van die struktuur, styl, puntetoekenning en nougesette standaard van die finale eksamen		
	Volledige memoranda is ingesluit asook rubrieke waar toepaslik		
	Ontledingsmatriks is voltooi		
	Bewys van moderering van vraestel is opmerklik		
	Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak		
	Die IEB-take en die volledige memoranda vir beide Deel A en Deel B is ingesluit		
	Bewys van moderering van albei take is aanwesig		
	Bewys dat die finale produk van Deel A opgevoer is		
	Bewys dat moderering van beide Deel A en Deel B plaasgevind het		
	Algemeen		
	Alle take maak voorsiening vir diversiteit van leerders		

Kommentaar:

FINALE AANBEVELING: DIE 2015 DRAMATIESE KUNSTE-SGA-LÊERS MOET/MOET NIE* DEURGESTUUR WORD VIR NASIONALE MODERERING
[*skrap dit wat nie van toepassings is nie]

Streeksmoderator se Handtekening: _____ **Datum:** _____

Onderwyser se Handtekening: _____ **Datum:** _____

Skoolhoof se Handtekening: _____ **Datum:** _____

IEB COPYRIGHT

ONDERWYSERS EN LEERDERS TERUGVOERVORM

Sentrumnommer: _____

Skool: _____

DATUM: _____

NAAM VAN ONDERWYSER: _____

NAAM VAN MODERATOR: _____

LEERDERS SE SGA-LÊER:

Getal leerders ingeskryf vir die Seniorsertifikaat-eksamen met IEB:	
Getal SGA-lêers gemodereer:	

GEMODEREERDE SGA-LÊER-NOMMERS:

ONDERWYSER SE MEESTERLÊER

		Ja	Nee
	Algemene Administrasie		
	Onderwyser se lêer is logies en sistematies **u**iteengesit		
	Amptelike IEB-puntelys (gedruk, nie handgeskrewe nie) van aangetekende punte [Vraestel 3 – Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak en Vraestel 4 – SGA], onderteken deur alle partye [oorspronklike]		
	Rangorde van finale SGA-punte vir ALLE **l**eerders		
	Teoretiese DASS met take geselekteer vir die Teoretiese Interne Assessering uitgelig [oorspronklike punte voor verwerkings]		
	Praktiese DASS met take geselekteer vir die Geïntegreerde Praktiese Take uitgelig [oorspronklike punte voor verwerkings]		
	Finale sigblaaie met geselekteerde punte en hul berekening soos per eind-vereistes		
	'n Sigblad met die korrekte berekenings vir Deel A (uit 75) en Deel B (uit 75)van di**e** Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak en die finale punt uit 60 [(150 x2) ÷ 5] deur elke leerder behaal		
	Kopieë van voltooide leerder-**inhoudblaaie** [d.i. nie verklarings nie] vir ALLE leerders, onderteken deur leerders en onderwyser		
	Geïntegreerde Praktiese Take		

IEB COPYRIGHT

	Taakblaaie vir ALLE Geïntegreerde Take vir die jaar is ingesluit		
	Alle take is duidelik uiteengesit vir leerders, en rubrieke en/of ander assesseringsinstrumente is ingesluit waar relevant.		
	Assesseringsinstrumente en/of rubrieke kom ooreen met die taak en die kriteria wat daarin voorkom		
	Take is gepas vir toegelate tyd		
	Take is gepas vir puntetoekenning		
	Dit is absoluut duidelik HOE punte bereken is vir elke taak		
	Leerders is voorsien van geleenthede om geassesseer te word volgens hul individuele belangstellings en sterkpunte en daar is geen tekens dat enige leerder benadeel is deur die ontwerp van die take en/of die assessering daarvan nie		
	Alle take is voldoende uitdagend		
	Toetse		
	ALLE toetse en eksamens wat gedurende die jaar voltooi is, is ingesluit		
	Toetse vertoon 'n toepaslike reikwydte van denkvlakke		
	Vereistes van die vrae is gepas vir toegelate tyd		
	Vereistes van die vrae is gepas vir puntetoekenning		
	Die toetse is akademies uitdagend en weerspieël die standaard en struktuur wat op hierdie vlak vereis word		
	Volledige memoranda is ingesluit, asook rubrieke waar toepaslik		
	Ontledingsmatriks voltooi vir elke toets		
	Bewys van modererering van elke toets		
	Voorbereidende/Rekordeksamen		
	Die eksamen se struktuur, styl, puntetoekenning en strengheid is presies volgens die finale eksamen		
	Volledige memoranda is ingesluit, asook rubrieke waar toepaslik		
	Ontledingsmatriks is voltooi		
	Bewys van moderering van eksamenvraestel is ingesluit		
	Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak		
	Die IEB-take en die volledige memoranda vir beide Deel A en Deel B is ingesluit		
	Bewys van moderering van beide take is verskaf		
	Bewys word verskaf dat die finale produk van Deel A opgevoer is		
	Bewys word verskaf dat beide Deel A en Deel B gemodereer is		
	Algemeen		
	Alle take maak voorsiening vir die diversiteit van die leerders		

Kommentaar:

IEB COPYRIGHT

LEERDERS SE LÊERS

		Ja	Nee
	Inhoudblad is volledig ingevul en geteken deur leerder en onderwyser [oorspronklike]		
	Verklaring van geloofwaardigheid, geteken en gedateer deur leerder [oorspronklike] (Dekblad)		
	Geïntegreerde Praktiese Take		
	Die SGA sluit in 3 Geïntegreerde Praktiese Take met duidelike bewys van 'n praktiese komponent EN 'n geskrewe komponent vir elke taak		
	Die taakblad is ingesluit saam met duidelike assesseringsriglyne		
	Genoegsame ondersteunende bewyse is ingesluit vir al drie take (kopié van stuk met redigering en/of bloknotas, karakteranalise, foto van stelontwerp, ens)		
	Konstruktiewe en genoegsame terugvoering is gegee vir elke taak		
	Waar navorsing deel was van die taak, is die leerder se werk noukeurig gekontroleer vir plagiaat en 'n volledige bibliografie is ingesluit.		
	Toetse		
	Die SGA-lêer sluit in 3 toetse van minstens 40 punte elk		
	Konstruktiewe en voldoende terugvoering is vir elke toets gegee		
	Bewys teenwoordig dat postmoderering plaasgevind het		
	Voorbereidende/Rekordeksamen		
	Die Voorbereidende eksamen se antwoordboek is ingesluit		
	Nougeset nagesien en waardevolle geskrewe opmerkings is verskaf		
	Bewys van moderering is teenwoordig		
	Ekstern-opgestelde Taak		
	Die Ekstern-opgestelde Geïntegreerde Taak is met integriteit voltooi		
	Die standaard van die proses is konsekwent		
	Daar is bewys van interne, eksterne, en/of vakgroep/kluster moderering		
	Algemeen		
	Beide werkstukke en assessering van werk is outentiek (geen fotokopieë van rubrieke of opstelle is gebruik nie, byvoorbeeld)		

Kommentaar:

FINALE AANBEVELING: DIE 2015 DRAMATIESE KUNSTE SGA-LÊERS MOET/MOET NIE* DEURGESTUUR WORD VIR NASIONALE MODERERING [* skrap wat nie van toepassing is nie]

Streeksmoderator se Handtekening: _____ **Datum:** _____

Onderwyser se Handtekening: _____ **Datum:** _____

Skoolhoof se Handtekening: _____ **Datum:** _____

IEB COPYRIGHT